Maandag **18 November**

**Skrifgedeelte: Openbaring 4:1-11**

**Fokusgedeelte: Openbaring 4:1**

**’n Kykie in die hemel!**

Dit is vir die gemeente as geloofsgemeenskap so nodig om in die Gees in die hemel in te kyk! Want dáár sien ons God wat op die troon sit! Ons kyk vas teen die sigbare dinge (Op. 6: bloedvergieting; hongersnood, geldgierigheid en magsvergrype wat die dood van so baie veroorsaak. O, as ons nie geglo het dat ons as geloofsgemeenskap die heerlikheid van God deur die geloof kan sien nie (Ps. 27)!

Gaan let op jou klein wêreld waarin jy vasgevang is. Gaan identifiseer jouself met die vervolging en stryd waarmee die vroeë kerk te doen gehad het. Die apostel Johannes word nou gewys wat in werklikheid besig is om te gebeur. Hy sien ’n geopende deur in die hemel. Daar sien hy God op die troon sit. Sy grootheid en heerlikheid word geskilder met edelgesteentes van verskillende kleure. Almal aanbid Hom: die engele, die kerk dwarsdeur die eeue, die volledige skepping roep uit: Heilig Heilig is die Here, aan Hom behoort die heerlikheid tot in ewigheid! Dan val almal op hulle gesigte om sy grootheid te aanbid! Die krag van die Gees word uitgebeeld deur donderslae en weerligte!

Wat ’n totaal nuwe perspektief! God Drie-enig regeer! Daarom aan Hom die lofgesange en gebede! Dit gee vir ons hoop!

Wil jy ’n kykie kry op Hom wat op die troon sit? Slaan sy geopenbaarde wil oop en buig voor Hom in aanbidding neer! Dan kry ons as sy geroepe geloofsgemeenskap nuwe insig in alles!

*Sing: Psalm 68-1:1, 9*

*Ds. SFF (Steve) van der Walt (Kathu/Olifantshoek)*